

Wat kan ek as ouer doen???

- Maak seker dat alle plaagdoders weggesluit en buite bereik van kinders is.
- Hou plaagdoders in hulle oorspronklike, gemerkte houers.
- Hou kinders buite terwyl die huis bespuit word en laat genoeg vars lug in die huis voordat die kinders binnegaan.
- Maak seker dat jy die tekens en simptome van vergiftiging kan identifiseer.
- As jou kind plaagdoder-vergiftiging het:
 1. Gaan onmiddellik na 'n dokter of kliniek!!!
 2. Vat die etiket of plaagdoder saam!!!!
 3. Verhoed dat dit weer gebeur!!!

Vir inligting oor vergiftiging, 24/7, skakel die:

**Poisons
Information
Helpline
0861 555 777**



CHILD ACCIDENT PREVENTION
Safe Kids
FOUNDATION OF SOUTHERN AFRICA

Het jy geweet???

- Plaagdoder-etikette dui aan hoe gevaarlik die produk is. Kyk na die kleurkode op die voorwand van hierdie pamflet en vergelyk dit met die kleurstrokie op die plaagdoderhouer.
- Plaagdoders kan kanker, gedragsprobleme, allergieë en asma veroorsaak.
- Plaagdoders kan vir jare in die omgewing bly.
- Swanger vroue moet die gebruik van of blootstelling aan enige plaagdoders vermy.
- Plaagdoders wat nie gemerk is nie, is baie gevaarlik.
- Plaagdoders wat deur straatverkopers verkoop word, kan onwettig en baie giftig wees.

NEE Moet nie hierdie gebruik nie!



PLAAGDODERS WAT OP STRAAT VERKOOP WORD

NEE NEE BAIE GEVAARLIK!!!

WAT IS 'N GEVAAR VIR JOU KIND?



Kleurkodes vir plaagdoder-etikette

Baie giftig

Skadelik

Wees versigtig

Hou weggesluit

Hierdie kleurkode word gevind op plaagdoders wat in winkels verkoop word.



HARMFUL
SKADELIK



OCCUPATIONAL & ENVIRONMENTAL HEALTH
RESEARCH UNIT—Universiteit van Kaapstad
phfm-oehru@uct.ac.za T: (021) 406 6300
F: (021) 406 6163

Bevondings van die Mediese Navorsings Raad

► Wat is plaagdoders???

- Enige chemikalieë wat gebruik word om muise, rotte, miere, weeluise, vlooie, kokkerotte en ander plee DOOD TE MAAK.
- Hierdie chemikalieë het 'n nadelige uitwerking op KINDERS, diere en die omgewing.

► Waar word plaagdoders gevind???



-In die huis:

- bottels met kokkerottegif en gifkryte wat nie gemerk is nie
- kamers en beddens wat met Doom en ander spuitmiddels bespuit is
- rottegif
- plaagsjampoës en spuitmiddels
- luissjampoës

-In die tuin:

- plante en grasperke wat onlangs bespuit is
- leë houers of verstrekke produkte wat rondlê

-Jou BURE se tuin en huis!

► Hoekom is my kind in gevaar??

- Kinders se liggame is kleiner en kan nie die plaagdoder hanteer nie.
- Kinders se breine is nog besig om te groei en die chemikalieë kan hulle groei nadelig beïnvloed.
- Kinders word maklik aangetas, want:
 - Hulle is naby aan die grond.
 - Hulle sit hulle hande dikwels in hulle monde en eet enigiets wat hulle optel.
 - Hulle besef nie hoe gevaelik plaagdoders is nie.

► Hoe word hulle blootgestel?

1. Deur die mond, bv. deur kos te eet wat rottegif bevat of uit bottels te drink wat hulle onder 'n bed kry.
2. Deur die vel, bv. deur op 'n bed te slaap wat teen goggas behandel is
3. Deur dit in te asem, bv. wanneer kinders in 'n kamer is wat onlangs bespuit is.

► Doe jou kind die volgende...



- Gooi op
 - Het diarree
 - Kwyl
 - Is moeg
 - Hoes
 - Sweet en het koors
 - Bewe
 - Oë dop om
 - Kan nie loop nie
- ... As jy ja geantwoord het op enige van die bogenoemende, kan jou kind wel vergiftig wees!!

(Blaai om en vind uit wat jy in só 'n geval kan doen.)

► Wat anders kan ek as plaagdoder gebruik?

- Vir **kokkerotte** en ander insekte: Meng boraks en suiker in die deksel van 'n ou fles. Plaas dit buite bereik van kinders.
- Vir **rotte**: Maak seker dat alle plekke waar rotte kan toegang kry, toe is. Hou alle rommel toe. Gebruik twee rotvangers per huis.
- Vir **miere**: Plaas peperment-tandepasta of boraks waar miere gewoonlik gevind word.
WAARSKUWING: Boraks is giftig as dit geëet word!